# Is strukturele eenheid tussen die Maranatha Reformed Church of Christ en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika moontlik?

**André J Groenewald & Johan Buitendag**

**Departement Dogmatiek en Christelike Etiek**

**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**Is structural unity between the Maranatha Reformed Church of Christ and the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika possible?**

***This article investigates the possibility of union between the Maranatha Reformed Church of Christ and the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. It is the result of a letter from the Maranatha Reformed Church of Christ urging the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika to describe the nature and content of the relationship between them. It is within this context that union between the two churches is investigated.***

## 1. INLEIDING

In 'n brief geadresseer 7 Augustus 2004, word die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (hierna die NHKA genoem) versoek om duidelik uit te spreek ten opsigte van die NHKA se verhouding met die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC), of te wel die Maranatha Hervormde Kerk [1] (hierna die MRCC genoem) (kyk Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2004). Die MRCC vra in duidelike terme na die vorm, aard en inhoud van hierdie verhouding. Hierdie vraag word gevra na aanleiding daarvan dat die MRCC verskeie probleme ervaar soos:

---

[1] In die verlede het dié Kerk bekend gestaan as die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika (HKSA). Dié Kerk het op sy negende (9de) Algemene vergadering, gehou op 25 tot 27 September in Bizana in die Oos-Kaap, besluit om die naam te verander vanaf die HKSA na die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC), of te wel die Maranatha Hervormde Kerk.

- Artikel 10 van MRCC se kerkorde wat duidelik stipuleer dat hulle deel is van een, heilige, algemene Christelike kerk wat moet strewe na samewerking en eenheid met ander kerke wat dieselfde Reformatoriese teologiese tradisies het. Hierdie strewe word egter in die wiele gery deur toenemende suspisie en twyfel van ander kerke teenoor die MRCC as 'n selfstandige, onafhanklike en outonome kerk. Volgens die MRCC is dit bejammerenswaardig uit ervaring dat ander kerke, plaaslik en internasionaal die MRCC as 'n integrale deel sien van die NHKA. Op plaaslike en internasionale vlak word daar uit verskillende oorde geoordeel dat die MRCC en NHKA as *een* Kerk funksioneer terwyl daar onderlinge verskille is wat gebaseer is op rasse diskriminasie wat te wyte is aan die vorige politieke bedeling van aparte ontwikkeling (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2004);

- Die historiese band wat tussen die MRCC en die NHKA bestaan sedert 1923 waar die NHKA die lidmate van MRCC begelei het tot selfstandigheid in 1977, laat die MRCC wonder oor die aard en inhoud van sy verbintenis met die NHKA (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2004);

- Die status van predikante in die MRCC wat streng gesproke volgens die arbeidsreg werknemers is van die NHKA en amptenare is van die MRCC. Hierdie probleem spruit voort nadat die Sendingraad van die NHKA 'n beleid gevolg het waarvolgens die NHKA predikante se salarisse in die MRCC subsideer teen 'n vasgestelde bedrag. Volgens die MRCC ontvang 90% van al sy predikante slegs hierdie gesubsideerde bedrag as die enigste bron van inkomste omdat meeste van die gemeentes van die MRCC nie selfversorgend is nie (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2004);

- Die NHKA is ook verantwoordelik vir die opleiding van die predikante van die MRCC wat ook die twee Kerke op 'n besonderse manier verbind (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2004);

- Volgens die MRCC deel die twee betrokke kerke dieselfde sentimente en belange soos die Bybel as die enigste norm vir/van ons geloof, die regverdiging van ons sondes deur geloof alleen en die belydenisse wat ons saam bely (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2004).

In die lig hiervan, sal hierdie artikel fokus op eenheid tussen die MRCC en NHKA. Is dit moontlik en as dit moontlik is, wat beteken dit? Die begrip

eenheid sal vereken word vanuit verskillende perspektiewe naamlik vanuit die Bybel, die vroeë kerk na die hemelvaart van Jesus Christus en die menings van verskillende hedendaagse teoloë.

## 2. WAT SÊ DIE NUWE TESTAMENT OOR KERKLIKE "EENHEID"?

Dit is duidelik in die Nuwe Testament dat daar 'n ontwikkeling plaasgevind het ten opsigte van die begrip "eenheid". In al die verskillende kontekste waar die Griekse woord vir "eenheid" voorkom is dit in 'n konteks van konflik en kerkskeuring (Botma 1996:1; Botma 2000:744; Pelser 1994:321-322; 1995; Strijdom 1995; Theissen 1994; Van Aarde 1987, 1989, 1995; Van Wyk 2000:627). Van Wyk (2000:627) toon selfs aan dat dogmenhistorici soos Kühn, Ebeling en Schlink hieroor eens is. Vanuit hierdie gemene deler moet daar veronderstel word dat die Bybel glad nie vanuit een mond oor eenheid praat nie. In elke ander bepaalde gedeelte kom daar verskillende nuanses ten opsigte van die begrip "eenheid" na vore.[2]

In Johannes 17 bid Jesus herhaaldelik om eenheid (vgl Geyser 2006:6). Trouens in die gedeeltes wat Johannes 17 voorafgaan kom die eenheidsgedagte sterk na vore. Nadat Jesus in hoofstuk 10:26, 27 onomwonde sy solidariteit met sy skape bevestig het, stel hy dit onomwonde dat Hy en sy Vader een is. Hier benadruk Jesus die eenheid tussen hom en God die Vader. Jesus veronderstel dat die mense sal besef dat, net soos wat hulle een is met Jesus, is hulle ook een met God die Vader, omdat God die Vader en Jesus EEN is. Die gemeenskaplike punt vir die gelowiges se eenheid lê dus opgesluit in hulle geloof in God die Vader en Jesus as *een*. Jesus gaan selfs sover in hoofstuk 10:16 om te sê dat selfs die skape wat buite die kraal lewe (*alla probata*) sal na sy stem luister en ook deel word van die *eenheid* tussen Hom, God die Vader en die gelowiges. Dit is nogal ironies dat juis hierdie standpunte van Jesus ten opsigte van sy eenheid met God die Vader, gelei het tot konflik met die Jode soos wat ons uit hoofstuk 10 verse 22-39 kan aflei. Hierdie tema van konflik word ook verder gevoer wanneer Jesus in hoofstuk 11 vir Lasarus uit die dood opwek daar baie Jode tot geloof kom, maar ander hom (Jesus) by die Joodse raad aankla. Johannes berig dan in hoofstuk 11:49,50 dat Kajafas op hierdie klag geantwoord het deur dit

[2] Dit laat Käsemann (1960:221) veronderstel dat die Nuwe Testamentiese kanon nie die eenheid van die kerk bevestig nie. Ter ondersteuning hiervan bevestig Theissen (1994) dat daar partyskappe en groeperinge was in die vroeë kerk. Daarom sê Pelser (1994:312-313; 1995) dat daar nie in die Nuwe Testament sprake is van net *een* ekklesiologie nie, maar verskillende ekklesiologieë. Ott (1981:431-432) wys daarom dat eenheid volgens die Nuwe Testamentiese getuienis nie in die ekklesiologiese sin verstaan moet word nie, maar in 'n eskatologiese verband gesien behoort te word.

duidelik te stel dat dit vir hulle as Jode beslis voordelig sal wees as een man vir die hele nasie sterwe sodat die hele nasie nie verlore gaan nie. Met hierdie woorde openbaar Kajafas, onwetend dalk, ’n Messiaanse profesie. Jesus sal nie net vir die Jode plaasvervangend sterf nie, maar ook vir al die gelowiges wat oor die hele wêreld versprei is. Hy sal al hierdie volke as een volk bymekaar bring (Joh 11:52). Ons kan hieruit aflei dat:

- Die Johannesevangelie duidelik verwys na die verstrooiing van die gelowiges oor die hele wêreld na Jesus se opstanding en hemelvaart,
- Daar gelowiges is wat nie deel is van die Johannese gemeenskap nie en dat hulle ook die eenheid in geloof van die Johannese gemeenskap moet belewe,
- Die kinders van God nie bepaal word deur etnisiteit of geografiese ligging nie, maar volgens hulle geloof in die sterwe en opstanding van Jesus,
- Die verhoogde Here Jesus sy kinders oor die hele wêreld sal saambind tot een kudde.

Dit is ook opvallend dat daar verwysings is in hoofstuk 13 tot 16 na mense en sake wat die eenheid tussen Jesus en sy skape bedreig soos Judas (13:2, 18), Petrus (13:6-11,36-38), die haat van die wêreld (15:18-27), die verbanning uit die sinagoges (16:2), afvalligheid (16:1) en die verstrooiing van die dissipels (16:32).

Na aanleiding hiervan kan hoofstuk 17 dus verstaan en gelees word as ’n gebed waar Jesus hom herhaaldelik noop om vir eenheid te bid, “’n innerlike eenheid, gekoppel aan die verhouding met die Vader en die Seun” (Du Rand 1987:116). Hier bedoel die Johannesevangelie nie eenheid ten opsigte van gemeenskaplike doelwitte of ’n mistieke eenwordingsproses nie, maar EENHEID in die geloof tot God die Vader en Jesus. Hulle is immers EEN. Eenheid word hier ’n gegewe geloofsveronderstelling wat deur die gelowiges uitgeleef moet word in liefde. Volgens Johannes 17 verse 20-23 moet die eenheid tussen die gelowiges, die wêreld oortuig van die eenheid tussen Jesus en God die Vader. God die Vader het Jesus gestuur om die gebroke wêreld te red van ondergang, sodat die wêreld as geheel in Hom kan glo.

Die kerk in die Nuwe-Testamentiese tyd was in twee kampe verdeel naamlik dié wat van oordeel was dat slegs Joodse bekeerlinge tot die Christendom, kinders van God is terwyl daar ander was wat geoordeel het dat die heidene ook deel kan word van God se nuwe koninkryk wat Hy in Jesus Christus geskep het. Ons lees hiervan uitvoerig in Handelinge. Ons lees in

Handelinge hoofstuk 6 dat daar ontevredenheid was by sommige gemeentelede oor die Griekssprekende weduwees wat in die daaglikse versorging van die gemeente afgeskeep is. ’n Mens kan alreeds hier agterkom dat daar verskille in die gemeentelike lewe van die kerk bestaan het tussen die posisie van die Joodse en die heidense of Griekse bekeerlinge. De Villiers (1987:25) is van mening dat die Joodse Christene hulleself in hierdie tyd glad nie as ’n aparte groep (Christene) beskou het nie. Hulle het aan hulleself as Jode gedink. Elliott (1995:90-93) is egter van mening dat die Christene wel aan hulle self gedink het as deel van die huis van Israel, maar dan as ’n Joodse faksie binne hierdie huis (vgl Botma 2000:768; Guy 2004:13). Dit word duidelik uit die feit dat die eerste apostelkonvent waarvan Handelinge 15 berig, in Jerusalem plaasvind as die setel van Joodse sentiment. Voordat ons stilstaan by die agtergrond en gebeure rondom die apostelkonvent waarvan Handelinge 15 berig, moet ons kennis neem dat daar in Galasiërs 2 ook ’n verwysing is, alhoewel verskillend, na hierdie eerste apostelkonvent. Die oplossing vir die verskille is geleë in die verskillende perspektiewe, aard en karakter van Handelinge en Galasiërs.

Die skrywer van Handelinge gee aandag aan “die posisie van die heidene in die gemeenskap van die gelowiges” terwyl Paulus sy eie weergawe van die gebeure in Jerusalem in Galasiërs vertel (De Villiers 1987:29, 35, 36; kyk Botma 1996:47-49; vgl Botma 2000:744). Dit is ook duidelik dat albei skrywers van verskillende bronne gebruik gemaak het. Een van die verskille is die historiese plasing van die Antiocheense konflik. Handelinge sien dit as een van die redes vir die apostelkonvent terwyl Paul in Galasiërs dit beskryf as iets wat na die apostelkonflik gebeur het (Botma 2000:747). Die groot twis het ontstaan oor die posisie en reëls vir heidense bekeerlinge tot die Christendom. Die Joodse Christene wat hulleself nog as Jode beskou het, het geoordeel dat dieselfde reëls wat vir Jode geld soos die besnydenis en reinheidsvoorskrifte ook vir heidense bekeerlinge moet geld.

By die apostelkonvent is daar ooreengekom dat daar nie vir die heidense bekeerlinge Joodse voorskrifte sal geld nie en dat die werk in die kerk verdeel sal word. Paulus sal hoofsaaklik verantwoordelik wees vir heidensending terwyl Petrus na die Jode sou omsien. Petrus het toe, volgens Galasiërs 2 na die apostelkonvent na Antiochië gereis waar hy die heidense bekeerlinge as volwaardige geloofsgenote aanvaar het en selfs as ’n reël saam met hulle geëet het (kyk Botma 1996:50-51). Hy het nie van hulle verwag om die Joodse wet te onderhou nie. Die houding van Petrus sou egter vinnig verander wanneer daar “van Jakobus se mense” in Antiochië aankom wat die heidense bekeerlinge as ’n aparte groep beskou het wat nie besny was nie, en daarom kulties onrein was (kyk Botma 1996: 51). Hulle het as

Jode dit ook nie gerade geag om die reinheidsvoorskrifte te verontagsaam deur saam met die heidene te eet nie. Hulle wou ten alle koste die Jodendom as ’n religieuse-kulturele aparte groep handhaaf (Botma 2000:746-754).

Die heidense bekeerlinge kan wel as mede-Christene beskou word, maar dan apart van die Jode. Petrus wou nie graag aanstoot gee aan sy Joodse broers nie en het toe hom onttrek van sy mede-gelowiges uit die heidendom. Hierdeur het hy die eenheid van die Kerk van Christus ernstig skade berokken soos Paulus dit ook aan hom uitwys (Botma 1996:52). Die feit dat hy saam sy mede-gelowiges uit die heidendom geëet het “was die konkrete uitdrukking van die nuwe werklikheid wat daar deur die geloof tot stand kom, waar dit nie saak maak of iemand Jood of Griek is nie (Gal 3:28)” (Lategan 1987:11). In die nuwe bedeling is hulle almal, as Jood en heiden een in Jesus Christus. Hierdie eenheid kan nie ongedaan gemaak word deur die optrede van mense soos Petrus nie (kyk Gal 2:14)! “Galasiërs 2 dien as voorbeeld van die diverse interpretasies van die Jesus-saak. Paulus is ’n verteenwoordiger van die wetsvrye interpretasie van die Jesus-saak” (Botma 2000:771). Paulus het geen verskeidenheid geduld nie. Hy het enige ander diverse interpretasie van die Jesus-saak as ’n afwyking beskou van die “evangeliese waarheid” (Botma 2000:771).

Kulturele eiesoortigheid word nie hier ontken of geïgnoreer nie. Trouens vanuit Galasiërs en Handelinge is dit duidelik dat die twee groepe bly voortbestaan het in die Kerk. Die vraag was egter nie kulturele eiesoortigheid nie, maar dat hulle ten spyte daarvan en baie ander verskille *een* is in hulle geloof in Jesus Christus.

Eenheid is ook ter sprake in ander geskrifte van die Nuwe Testament. Paulus pleit in sy eerste brief aan die Korintiërs vir kerklike eenheid (kyk Botma 1996:70-94). Volgens hom (Paulus) moet die andersdenkendes met liefde geakkommodeer word sodat die *eenheid* in Christus kan seëvier. In die tweede Titusbrief (3:10) word die gemeentelede opgeroep om die andersdenkendes te waarsku en sou hulle na die tweede waarskuwing nog steeds hulle eie waarhede verkondig, te ignoreer. Die skrywer van die tweede Johannesbrief (2 Joh 10-11) dring selfs daarop aan dat die andersdenkendes nie eers gegroet moet word nie.

Die Efesiërsbrief roep ook die gelowiges op tot eenheid. In Efesiërs 1:3-14 beklemtoon die skrywer dat die kerk op aarde as die heilsgemeenskap ’n *eenheid* vorm wanneer die heidene deel word van die kerk van Christus. As dit gebeur, word God verheerlik. Hierdie gedagte word verder voortgesit in Efesiërs 2:13-18 wanneer daar gesê word dat die heidene wat eens vêr van God was nou deel geword het van die *een* liggaam van Christus (kyk Botma 1996:105-110). Dit wat skeiding gemaak het tussen die Jode en die heidene

is deur die lewe, lyding, sterwe en opstanding van Jesus Christus tot niet gemaak. Hier word beklemtoon dat "God se heilsgemeenskap uit Jode en heidene bestaan wat in een lotsgemeenskap deel en in die hegste denkbare eenheid saamverbonde is" (Roberts 1987:79). Dit word ook duidelik uit die brief aan die Efesiërs dat die kerk die bouwerk is van God. In hierdie een gebou van God word gelowige Jode en heidene saam op die een fondament en een hoeksteen ingebou. Hierdie gedagte behoort die gelowiges saam te snoer om die eenheid ten alle koste te bewaar. "Hierdie eenheid is duidelik nie 'n organisatoriese eenheid as sodanig nie, maar 'n eenheid in die deelname aan die Jesus-saak en die ervaring van die teenwoordigheid van God die Vader" (Botma 1996:114).

In Efesiërs 4:1-16 word die lesers vermaan om dié eenheid te handhaaf. Volgens Efesiërs 4:1-2 moet die konflik in hulle midde opgelos word deur 'n nuwe gesindheid van wedersydse liefde deur die gemeentelede. As hulle mekaar in ag neem, vriendelik en geduldig met mekaar omgaan sal daar 'n klimaat geskep word waar hulle goed met mekaar oor die weg sal kan kom (Botma 1996:115). Hierdie gedagte word verder uitgebou in verse 3-16 waar die skrywer die gemeentelede daaraan herinner dat hulle 'n opdrag ontvang het om die eenheid van die Heilige Gees te bewaar deur in vrede met mekaar te lewe (vgl Botma 1996-116-124). Dit is duidelik dat die skrywer, alhoewel hy die eenheid sterk beklemtoon, rekening hou met die verskeidenheid wat daar in die gemeente bestaan soos die "verskeidenheid van gawes of 'ampte'" (Botma 1996:125). Verskeidenheid is egter vir die skrywer slegs toelaatbaar wanneer dit die Jesus-saak dien. Wanneer dit die Jesus-saak skade berokken, is dit nie aanvaarbaar nie. "Die opbouproses of deelhê aan die Jesus-saak bestaan onder andere in die eenheid in die geloof, kennis van die Seun van God en die vashou aan die regte leer (die wetsvrye interpretasie van die Jesus-saak)" (Botma 1996:125).

## 3. HOE HET DIE VROEË KERKVADERS IN DIE EERSTE EN TWEEDE EEU NA CHRISTUS OOR KERKLIKE EENHEID GEDINK?

Landman (1987:150-151) wys daarop dat daar 'n verskuiwing was in die konflik hantering van die kerk na Paulus. Dit blyk uit briewe deur 'n sekere Clemens aan die gemeente in Korinte dat die vrede tydens Paulus se tyd in die gemeente van Korinte, nie lank geduur het nie. Clemens (± 96 nC) was 'n biskop in Rome wat deur sy briewe aan die gemeente in Korinte praktiese raad gee hoe om die konflik in hulle midde op te los. Hy eis dat die konflik binne die gemeente opgelos moet word, deurdat die gemeentelede die hiërargie binne die gemeente moet gehoorsaam en tweedens dat hulle die

konflik wat hulle met hulle gemeenskap buite die kerk het, moet oplos deur gedeeltelik te assimileer met hulle samelewing (*1Cl* 1-5 & 9; kyk Tugwell 1989:89-103). Dit is duidelik dat die lyding, liefde en opstanding van Christus nie so ’n sentrale plek inneem in die denke van Clemens nie. Vir hom is dit eerder belangrik om die gemeente in Korinte as ’n instituut te benadruk waar hiërargie ’n belangrike rol speel (vgl Guy 2004:36-38). Die hiërargie teenoor die liefde van God in Jesus Christus, is vir hom die samebindende faktor vir eenheid binne die gemeente. Hierteenoor is sy houding ten opsigte van die gemeente se posisie teenoor die buite wêreld nuut en innoverend. Hy erken die feit dat die gelowiges in die stad Korinte moet lewe en werk, en dat hulle in hulle samelewing ’n rol kan speel. Alhoewel hy tegemoetkomend was teenoor die heidense praktyke, regering en simboliek, het hy benadruk dat alles onder die heerskappy van God se genade geskied.

Dieselfde tendens kom ook voor wanneer Ignatius die biskop van Antiochie aan die gemeente in Efese ’n brief skryf (kyk Guy 2004:3943; Tugwell 1989:104-128). Die skrywer van die eerste brief aan die Efesiers (4:4) benadruk dat daar net een liggaam van Christus is terwyl Ignatius praat van net een lojaliteit aan die gemeentelike hiërargie (Landman 1987:151). Vir hom, net soos die geval by Clemens, is die gemeente *een* wannneer hulle almal gehoorsaam is aan die biskop en ouderlinge. Trouens hy omskryf die eenheid nader wanneer na hy die eenheid tussen die ouderlinge en die biskop verwys as die wil van Jesus Christus (*Eph* 3.2) waar “die presbieter aan die biskop verknoop (is) soos die snare aan die harp, waardeur die gemeente as ’n koor met een stem tot God sing …” (Landman 1987:151).

Dit word duidelik dat daar ’n definitiewe klemverskuiwing gekom het tussen die einde van die eerste en die begin van die tweede eeu ten opsigte van konflik hantering in die vroeë kerk. Tog weet ons uit die geskiedenis van die vroeë kerk dat gehoorsaamheid aan die kerklike strukture nie die waarborg was vir kerklike eenheid nie. Dit het net gelei tot groepvorming buite die kerk soos onder andere die Montaniste, die Gnostici en die Ebioniete bewys het. Daar was veral drie probleemareas in die tweede eeu wat die kerk moes aanspreek. In die eerste plek was daar die problematiese verhouding tussen die Jode en die Christene. Toe Marsion die Christendom van Joodse “elemente” wou suiwer, is hy deur die vroeë kerk as ketter gebrandmerk. In die tweede plek was daar die verhouding tussen die Christene en die omliggende wêreld. In sommige gevalle het die kerk met die omliggende wêreld en sy idees geassimileer, terwyl hulle geweier het om gnostisisme te aanvaar. In die derde plek was daar die moeilike verhouding tussen die Christene, die Christelike kerk en die wêreldse regering. Dit was egter nie hierdie sake opsigself wat die eenheid binne die Christelike kerk bedreig het

nie, maar die kerk se onvermoë om verskillende teenoorstaande standpunte, in een standpunt te versoen.

Die werke van die skrywers van die tweede eeu kan in twee hoofgroepe ingedeel word naamlik dié wat die eenheid van die kerk as uitgangspunt neem en met die nie-Christene in gesprek tree en dié wat die eenheid van die kerk as doel stel. Die eerste groep word die Apologete genoem en die tweede groep die ketterbestryders.

- **Die apologete**

  Hulle was diegene wat die Christelike standpunte verdedig het voor die Romeinse keiser en regeerders. Volgens hulle is die "eenheid van die kerk (is) die noodsaaklike voorwaarde vir die geloofwaardigheid van sy getuienis" (Landman 1987:153). Enige ander standpunt ten opsigte van die Christelike geloof is vals, omdat daar net een God is. So stel Athenagoras die kerk voor as 'n eensgesinde groep wat sy leer uit een mond formuleer.

- **Die ketterbestryders**

  Eusebius van Cesarea, die kerkhistorikus beskryf in die vierde eeu na Christus dat die vroeë Kerk verskillend gehandel het met ketters en ketterse leerstellings. In die eerste plek het die kerk geoordeel dat God self die konflik sal oplos en die waarheid aan hulle sal openbaar. Tweedens het die kerk ketters heeltemal vermy. Hulle het die ketters aan allerlei vernederinge onderwerp, hulle name genoem en hulle intens beledig (vgl Maier 1999:139, 146). Daar was egter ook later in die tweede eeu sprake van dialoog met die andersdenkendes, maar dan nie om na hulle standpunte te luister nie, maar om hulle tot ander insigte te bring (*HE* 5.3:2-2; 7.24). Die kerk het ook deur sy amptelike vergaderings oor die lot van ketters besluit.

Irenaeus was een van die vroeë kerkvaders wat volgens Eusebius ambivalente gevoelens gehad rakende die ketters (vgl Maier 1999:146, 182-184, 199-200). Hy het ten eerste die ketters vermaan en hulle argumente weerlê, om dan tweedens hulle as bekeerdes in die *een* kerk terug te verwelkom (vgl *Haer* 1.31.3). Volgens hom moet die Christen se hele wese ingestel wees op eenheid. So verwerp hyself onder andere, enige skeiding tussen die Ou en Nuwe Testament, tussen Jesus en Christus, tussen God en Skepper en tussen goeie en slegte mense. Hy was sterk ten gunste van kerklike eenheid en het enige iets wat die eenheid bedreig het met hand en tand beveg. Hy was ook sterk ten gunste van eenheid in die samelewing,

soveel so dat hy nie eers die heidene wou te na kom nie. Irenaeus het ook sterk geglo aan die verskillende variasies wat waarheid kan aanneem. Hy was van mening dat daar aan Paulus en Petrus elkeen ’n variasie van waarheid meegedeel is. Verder het hy ’n sterk saak daarvoor uitgemaak dat alle geskiedenis van alle tye een was. Hy het ook geglo aan een ideale verloste mensdom wat met mekaar sal verenig wanneer elke mens met God verenig (*Haer* 5.20:2). Hierdie proses is die inisiatief van God. Irenaeus wil hierdie ideaal verwesenlik deur die gelowiges met die ketters te versoen in een algemene kerk.

Daar was ook ander elemente in die vroeë kerk wat die eenheid tussen die gelowiges versterk en bevestig het soos die nagmaal (kyk Jasper & Cuming 1990:20; Smith & Taussig 1990:66-67; Stevenson 1989:16-19), die doop en geloofsbelydenis (kyk Bradshaw 2002:73-97; Esler 2003:203; Whitaker 1960:1-218) en die skuldbelydenis. Volgens Justinus, (*Apol* 1.66:1) kon slegs die gedooptes deelneem aan die Nagmaal (kyk Guy 2004:218219; Oetting [1964] 1970:31-39) . Daar was dan ook allerlei elemente in die nagmaalsliturgie wat die eenheid onder die gelowiges uitgedruk het soos:

- ’n Vredeskus wat gevolg het op die gebed wat hulle verhouding as geloofsbroers en susters bevestig het;
- die gebed by die breek van die brood waarin daar aan al die gelowiges vanoor die hele wêreld gedink is sodat die mense wat deelgeneem het aan die Nagmaal verbind is tot ’n eenheid met die gelowiges elders in die wêreld;
- die gebruik dat die gelowiges mekaar na die Nagmaal herinner het aan mekaar en ander se behoeftes.

Die vroeë kerk het ook ’n geloofsbelydenis gehad wat die doophandeling begelei het (kyk Oetting [1964] 1970:28-31; kyk *Did* 7). Dit het hulle as gelowiges saamgesnoer. Landman (1987:159) sê dat dié belydenis op een punt verskil met die Apostoliese Geloofsbelydenis naamlik die belydenis oor die kerk. In die Apostoliese Geloofsbelydenis word die “een, heilige, algemene, Christelike kerk bely” teenoor die vroeë kerk se belydenis wat slegs “die heilige kerk” bely. Die belydenis van die “algemene kerk” het eers in die middel van die vierde eeu ontstaan en die belydenis oor die eenheid van die kerk, eers teen die einde van die vierde eeu, met die Konsilie van Konstantinopel in 381. Die vroeë kerk het na alle waarskynlikheid die “heiligheid” van die kerk belangriker as die eenheid van die kerk geag. Dit was miskien as gevolg van die hoeveelheid ketterse groepe wat die heiligheid van die kerk bedreig het. Hierteenoor kon die ketters, volgens die kerk van die

tweede eeu, nie die eenheid bedreig nie, omdat eenheid as ’n gegewenheid gesien is, as die wese van die kerk.

Daar was ook ’n skuldbelydenis waar al die gelowiges saam hulle skuld voor God bely het. ’n Sekere Hermas het ’n visioen neergeskryf waarmee hy die belangrikheid van skuldbelydenis beklemtoon het (kyk Tugwell 1989:51). Later sou die menings van Cyprianus en Augustinus die kerk beinvloed oor kerkeenheid (kyk Van Wyk 2000:625-626).

## 4. HEDENDAAGSE TEOLOGIESE MENINGS OOR EENHEID

Karel Barth (1935:1-16; 1946:168; 1953:749-756) het sterk standpunt ingeneem teen enige teologie wat die veelheid, pluraliteit en verskeidenheid binne die *een* kerk ten koste van *eenheid* wou stel. Daar is alleenlik vir hom sprake van ’n verskeidenheid van kerke wanneer dit gebruik word om die veelheid van gemeentes binne ’n bepaalde gebied aan te dui. Elke gemeente is volgens hom volledig *communio sanctorum* (Barth 1946:120-126, 165-167; Barth 1953:750). Maar al die gemeentes bly steeds deel van die *een* kerk, alhoewel hulle mag verskil ten opsigte van taal, kultuur en gewoontes (Barth 1935:30; Barth 1953:750). Alhoewel hierdie gemeentes verspreid is oor die hele wêreld hef die verwyderdheid nie die *eenheid* in Jesus Christus op nie.

Hans Küng ([1968]1992:263-296) sê dat ons situasie vandag anders is. Daar is nie meer net een kerk nie, maar ’n magdom van kerke wat almal van mekaar verskil betreffende kerkordes, belydenisskrifte en liturgie. Tog glo al hierdie verskillende kerke onomwonde dat hulle *een* is in Jesus Christus volgens die getuienis van die Nuwe Testament. Almal vorm saam ’n onenigbare pluraliteit, wat strewe na die *eenheid* van *een* kerk op aarde.

Die Belydenis van die Nicaeno-Constantinopolitanum (381 nC) verklaar eksplisiet dat ons aan die *een, heilige, katolieke* en *apostoliese* kerk behoort. Die Reformatore se bekende uitspraak dat die ware kerk se kenmerke die suiwere verkondiging en die korrekte gebruik van die sakramente is (NGB 29 voeg die *tug* by) is eintlik ’n onnodige wysiging aan hierdie Belydenis, meen Küng. Die Rooms Katolieke Kerk en ook elke “sekte” maak net soveel aanspraak op hierdie “ware merktekens”! Dit gaan dus nie om tekens wat die kerk *het* nie, maar om ’n *aard* wat hy is, of liewers moet wees. Vandaar dat Küng eerder vir die woord *dimensies* as merktekens kies (Küng [1968] 1992:269). Per slot van rekening is die enigste teken wat die kerk maar mag hê, die “merktekens van Christus”. Ons sal moet aanvaar dat daar altyd ’n bepaalde spanning is tussen wat is en wat behoort te wees. Mens sou ook kon sê, tussen vorm en inhoud. Daarom is dit van kardinale belang wanneer ons oor hierdie vier sake praat, ons juis die imperatief ook sal moet hoor. Veranderende tye verg voortdurende aanpassings en keuses. Die feit dat die

kerk ’n *corpus permixtum* (’n gemengde liggaam van geloof en ongeloof) is, maak hierdie imperatief soveel dwingender (vgl Küng [1968] 1992:264). Vir Küng is ’n *dinamiese* verstaan van die kerk dus van kardinale belang.

Die kerk *is* een, te midde van ’n bonte verskeidenheid. Die plaaslike gemeenskap van gelowiges is in die veelvoud en die gemeenskap as geheel is in die enkelvoud. Hierdie indikatief én imperatief van eenheid is oral in die Skrif: 1 Kor 1:10-30, 1 Kor 12, Gal 3:27v, Rom 12:3-8, Hand 2:42, Hand 4:32, Joh 10:16, Joh 17:20-26, Ef 4:1-6 om maar die belangrikste te noem. Dit is belangrik om te beklemtoon dat dit ’n *g(G)eestelike* eenheid is en nie ’n organisatoriese nie (kyk Küng ([1968]1992:275). Die Wêreldraad van Kerke wil ook nooit kerk wees nie en erken elke kerk afsonderlik as outonoom. Afsonderlike kulture, tale, plekke, gebruike is immers ’n Nuwe-Testamentiese gegewe.

Küng ([1968] 1992:277-281) waarsku ons egter dat ons nie in terme van die veelheid van kerke die abnormale as die normale gaan staan en voorhou nie! Die breuk tussen kerke (Oos en Wes; Rooms Katoliek en Protestants) is nie die reël nie, maar die uitsondering. Herwaardering van mekaar en van die geskiedenis is dus noodsaaklik (vgl Küng ([1968] 1992:277-281). Volgens Küng ([1968]1992:281-283) maak die argumente om bogenoemde breuk tussen kerke te regverdig nie sin nie. Argumente dat al die verskillende kerke ’n onsigbare eenheid en ’n eskatologiese eenheid vorm, dat alle verskillende kerke bloot vertakkinge van die een kerk is en dat daar net een sigbare kerk is wat identies is aan die kerk van Christus, is nie voldoende om die Bybelse eis van één kerk te ontkom nie. Volgens Küng ([1968]1992:284) is verdeeldheid ’n skande en sonde. Almal is skuldig aan die skeurings van die verlede, wat van almal ’n belydenis van skulderkenning vereis.

Die herstel begin nou nie met gesamentlike aktiwiteite en dienste nie – nee, eenheid is primêr God se werk. Ons taak is eerder om:

- die eenheid in Christus (*a quo*) én die bestaande kerklike realiteit te erken;
- vir die vereniging tussen kerke te bid en daarna te strewe (*ad quem)*;
- te begin by die eie kerk en die ooreenkomste met ander te soek in so ’n mate dat die verskille nie die ooreenkomste oorskadu nie (doen lokaal en dink globaal);
- nie die waarheid prys te gee nie, maar dit opnuut te herontdek;
- vanuit die staanspoor die Goeie Nuus van Jesus Christus as die norm te aanvaar.

Te midde van die verskeidenheid in die vroeë kerk het hulle die eenheid en gemeenskap in Christus altyd voorop geplaas. *Liefde* was die saambindende krag.

Jürgen Moltmann (1992:11-15) sê onder andere dat die kerk ekumenies is**.** Iets van die ekumene kry gestalte elke keer wanneer ’n kerk homself in ’n ander kerk herken en so homself raaksien as lid van die een kerk van Jesus Christus. Dit het in Europa die Tweede Wêreldoorlog gekos om die verskillende kerke se oë oop te maak vir hul gevangenskap in nasionale state, aparte kulture en sosiale ideologieë. Die verskillende kerke was so nóú aan “volk en vaderland” verbonde, dat hulle hul nie van die oorlogspropaganda kon distansieer nie. Uit die een Heer van die kerk het ’n Olimpus van gode ontwikkel wat mekaar beveg het (kyk Lange 1972:37). Hierteenoor streef die ekumeniese beweging na die sigbare eenheid van die kerk, en wil die kerk bevry uit sy gebondenheid aan die burgerlike en politieke godsdienste van die gemeenskap. Natuurlik mag daar geen vereniging van geskeie kerke wees sonder vernuwing van die kerke nie. En vernuwing is weer onmoontlik sonder bevryding van alle bande. Die innerlike motivering vir die ekumeniese beweging lê in die gebed van Christus: “... sodat hulle almal een mag wees” (Joh 17:21). Die eksterne motivering is geleë in die situasie van die gebroke wêreld waar Christendom net oor die vrede van God kan praat mits hierdie vrede ekumenies tussen die verskillende kerke bevestig word (kyk Moltmann 1975:172-173).

’n Kerk wat sy voet op die ekumeniese pad geplaas het, kan nie langer in sy kerkleer net sy eie belydenis probeer regverdig teenoor die ander dogmas van ander kerke nie. Die tradisionele kontrovers-teologie moet ’n *ko-operasieteologie* word (Moltmann 1992:12). Dit beteken nie ’n vermenging van die verskillende konfessies en ’n verontagsaming van alle verskille nie. Inteendeel, die vraag na die ware kerk – in elke kerk – kan dan eers ernstig gestel en bespreek word. Soos ’n mens dan na die ware kerk in jou eie groep vra, sal jy ook na die ware kerk in die ander groep vra, want die ware kerk is in wese een en onskeibaar.

’n Mens sou volgens Moltmann (1992:12-14) die geskiedenis van die ekumeniese beweging se kerkbeskouing in drie stadia kon indeel. Allereers was daar die sogenoemde *vergelykende ekklesiologie* (kyk Lange 1972:39-41). Toe die verskillende kerke in hul eerste ontmoetings die verskille in hul leer begin vergelyk het en iets soos ’n “negatiewe konsensus” bereik het. Hulle het besef dat die dinge waaroor hulle verskil, nie werklik kerkskeuring noodsaaklik maak nie. Hulle onderlinge verskille het dus ’n ander plek begin inneem. Sedert Lund 1952 het ’n tydperk van *Christologiese ekklesiologie* aangebreek (kyk WCC 1953:15-16). Die kerke het besef dat hulle mekaar

nooit positief werklik sal vind as hulle net hul verskille aanhou vergelyk nie. Hulle sou nader aan Christus moes kom, om nader aan mekaar te kom. Hulle sou te midde van hul verskille saam ’n breër, ryker en dieper insig moes kry in die eenheid in Christus as gawe van God. Sedert Uppsala 1968 (die vierde algemene vergadering van die Wêreldraad van Kerke) het ’n tydperk begin wat die *antisipatoriese ekklesiologie* genoem kan word (kyk WCC 1968:5). Begrippe soos belofte, hoop, sending en antisipasie het sentraal geword. Die kerke word opgeroep om nou deel te neem aan die hoop, antisipasie en voortgryping van God se koninkryk op so ’n manier dat die nuwe skepping wat Christus by sy wederkoms sal voltooi, sigbaar gestalte moet kry in hierdie wêreld. Hierdie gedagte word ook onderstreep deur Vaticanum II (1962-1965) se dogmatiese konstitusie oor die kerk (kyk Abbot 1966:78-85). Volgens die dokument is die aardse kerk op ’n pelgrimstog oppad na die hemelse kerk, wanneer God in Christus die kerk nuut sal maak. Hierdie proses het alreeds met die opstanding van Jesus Christus begin.

Volgens Moltmann (1992:13) is ’n ekklesiologie wat Christologies gefundeer en eskatologies gerig is, in staat om die aanvanklik “negatiewe konsensus” van die vergelykende ekklesiologie te oorwin en in ’n positiewe konsensus te verander. Die doel van die ekumeniese beweging is om die geskeie kerke van die *anatema* (vervloeking) na die dialoog, en van die dialoog na die ko-operasie (samewerking) te lei. Die volgende stap sou wees om van die dialoog na die *konsilie* (sinode) oor te gaan. Alhoewel hierdie moontlikheid egter skynbaar nog ver in die toekoms lê, is daar reeds al hoe meer kerke wat konsiliêr begin saamleef, dit wil sê wat ander kerke laat meedoen aan die bespreking van hulle probleme (op sinodes en andersins), en self weer in die probleme van ander kerke betrokke raak. So ’n konsiliêre lewe is natuurlik nie ’n lewe sonder konflikte nie. Trouens op die wyse word sake konflikte wat vroeër nie konflikte was nie, omdat die kerke eenvoudig geen kontak met mekaar gehad en hulle nie aan mekaar se probleme gesteur het nie (kyk Moltmann 1992:14).

Eenheid vind ons in Christus, saam met die gemeenskap van die Heilige Gees, maar dan in ’n gees van verskeidenheid. Moltmann (1992:337-361) sê dat die kerk oor die algemeen beskryf word in die belydenisskrifte as een, heilige, katolieke en apostoliese kerk. Die vraag bly egter: hoe moet ons dit verstaan en, beskryf dit die kerk in al sy elemente volledig? Hierdie antwoord sal ook beïnvloed hoe ons die gemeenskap van gelowiges sal sien en verstaan. Moltmann (1992:337) meen egter dat hierdie tekens vanuit die geloof in God gemaak is en wat ook in hierdie lig verstaan moet word. Hierdie tekens het alleen sin as dit verstaan word deur die geskiedenis van die Drie-enige God. Die eenheid van die kerk lê nie in die mense nie, maar in Christus

wat sy kerk saambind op alle plekke en in alle tye. Die predikaat is in die tyd van verlossing. Die heiligheid is ook nie in die mense nie, maar in Christus wat met sondaar mense werk. Die kerk word gesien as die gemeenskap van die laaste dae en daarom is dit ook heilig. Met katoliek word bedoel dat daar waar Christus regeer, daar is die kerk ook. Christus het die mag oor hemel en aarde. Die apostoliese karakter kan alleen verstaan word deur die werk van Christus en die Heilige Gees. Die eienskappe van die kerk is eienskappe van geloof en hoop en daarom ook eienskappe wat die gelowiges oproep tot aksie. God het die mens deur Christus verlos en daarom leef die gelowiges in die heiligheid van God en moet die kerk altyd poog om te lewe soos Christus vra. Die gelowiges moet waak teen sonde en valsheid en moet God se koninkryk op aarde uitbou. Die kerk lewe in die een, heilige, katolieke en apostoliese eenheid van Christus deur geloof, hoop en aksie. Dit is ook hierdie tekens wat die fondasie lê vir die ware kerk. Die ware kerk moet in die wêreld daarbuite ook ’n verskil maak.

Volgens Weber (1962:611) kom die eenheid van die kerk tot uiting in die gemeenskap en samekoms van gelowiges. Die gemeente word byeengebring deur die verkondiging van God se woord en uitgenooi om deel te hê aan die doop en die Nagmaal (Moltmann 1992:342). In die kerk is almal gelyk en vry. Daar behoort geen klasse- of sosiale onderskeid te geld nie, almal moet hulle sosiale stand prysgee om saam te aanbid en die sakramente te gebruik. Elkeen met sy goeie en swakpunte moet net so in die gemeente aanvaar word aangesien dit ’n evangeliese eenheid is. Hierdie eenheid in die gemeente moet in vryheid en diversiteit plaasvind, maar as iemand sy vryheid misbruik om ander se idees en behoeftes te onderdruk, dan word die groter vryheid van die geheel vernietig. Moltmann (1992:343) waarsku teen enige vorm van radikale pluralisme of obsessiewe idees ten opsigte van eenheid. As dit gebeur word die verhouding tussen mense en God versteur. Vryheid en eenheid in diversiteit is alleen deur Jesus en die Gees moontlik.

Elke gemeente wat waar ook al bymekaar kom vorm ’n eenheid in Jesus Christus, met ander gemeentes wat op ander plekke en tye vergader. Die gemeentes as kerk van Christus deel immers dieselfde belydenis en die dieselfde getuienis aangaande Jesus Christus. Die kerk oor die wêreld heen is ook *een* in lyding en nood. Daarom moet die kerk van Christus as ’n *eenheid*, solidariteit onderling aan mekaar betoon deur wedersydse hulp (kyk Moltmann 1992:344). ’n Beleid van verdeel en heers kan eenvoudig nie in die kerk van Christus werk nie. Dit is nie genoeg vir die gemeenskap tussen die gelowiges wanneer gemeentes slegs op sinodale vlak naas mekaar bestaan nie. Elke gemeente is verantwoordelik vir kerkwerk op grondvlak in die omgewing waar die gemeente is. Die kerk word nie van bo af onder toe

regeer nie (met ander woorde vanaf sinode na gemeente nie). Elke gemeente moet in sy/haar bepaalde gebied en in sy/haar situasie op so ’n manier optree dat die eenheid van Jesus Christus gedien word. Die eenheid van die verskillende gemeentes word alleen sigbaar in die take wat hulle volvoer, in die woordverkondiging en die sakramente (Moltmann 1992:345).

Volgens Moltmann (1992:345) is eenheid in vryheid nie alleen maar net ’n kenteken van die kerk van Christus nie, maar ook ’n konfessionele teken, ’n kenmerk van sy/haar belydenis in ’n verdeelde en vervreemde wêreld. Eenheid is ook nie net ’n merkteken van die kerk van Christus nie, maar ook ’n taak en ’n opdrag. Die kerk van Christus moet as belydende kerk die eenheid in Christus en die Heilige Gees verteenwoordig te midde van konflik in enige politieke en sosiale konteks.

## 5. WAT IS DIE NHKA SE POSISIE TEN OPSIGTE VAN EENHEID?

Ordereël 6 van die kerkorde van die NHKA sê baie duidelik “die Kerk as verskyningsvorm van die een, heilige, algemene, Christelike kerk neem deel aan die ekumene in die wêreld”. Hierna sê die kerkorde duidelik dat die Kerk sy wesenlike eenheid wil handhaaf met ander kerke wat in dieselfde “Reformatoriese leertradisie” staan. In Ordinansie 6 van die kerkorde word dan duidelik uiteengesit wat hiermee bedoel word. “Die Kerk gee uitvoering aan sy wesenlike eenheid met kerke wat in dieselfde Reformatoriese leertradisies staan deur (i) broederlike betrekkinge te handhaaf, (ii) gesprekke te voer oor geloof, leer en lewe, (iii) onderlinge hulp te verleen, (iv) saam te werk in ekumeniese liggame of rade, (v) gesamentlike eredienste te hou.”

Die Kerk sluit egter nie hiermee ander geloofsgroepe wat buite die “Reformatoriese leertradisie” staan uit nie. Die Kerk “voer ook gesprek met kerke en geloofsgroepe wat ander leertradisies het"(Ordinansie 6). Daarom benoem die Kerk ’n Raad vir Ekumene “wat oor die genoemde verband met ander kerke gesprekke voer, navorsing doen, en advies uitbring” (Ordinansie 6).

Sekere afleidings kan gemaak word oor die NHKA se houding ten opsigte van ekumenisiteit. Ander kerke is vir die NHKA belangrik. Die NHKA glo dat kerke wêreldwyd en van alle tye, inderdaad die één kerk is en dat hierdie eenheid in ekumeniese bande jaloers nagevolg behoort te word. Iets van die ekumene kry gestalte elke keer wanneer ’n kerk haarself in ’n ander kerk herken en so as lid van hierdie een kerk van Jesus Christus eien. Daarom moet die NHKA ook na ander kerke luister en by hulle gaan leer. ’n Kerk van die Reformasie moet immers altyd reformeer. ’n Kerk wat haar voet op die ekumeniese pad geplaas het, kan nie langer in haar leer net haar eie belydenis probeer regverdig teenoor

ander konfessies nie. Gemeenskaplike studie en samewerking met ander kerke is daarom noodsaaklik. Die grond van die ekumeniese beweging lê in die gebed van Christus (Joh 17:21), "... sodat hulle almal een mag wees". Die Bybelse indikatief van hierdie eenheid is ook vir die NHKA 'n uitgangspunt in die verstaan van haar verhouding met ander kerke. "Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon" (Ef 4:4-6). Die NHKA erken ook ruiterlik dat dit ook nie sonder die imperatief verstaan kan word nie. Kerklike eenheid is inderdaad 'n gegewe in die gemeenskaplike geloof in Christus, maar is tegelyk ook 'n opdrag om die gemeenskaplike roeping gestalte te laat kry. Die hoop wat gelowiges en kerke met mekaar deel, moet hulle in beweging bring om eventueel bymekaar uit te kom.

Die NHKA het haarself nog altyd geïdentifiseer as 'n volkskerk en as 'n voorstaander van die "vorming van volkskerke"(Botha 1973:1, 52-53; vgl W A Dreyer 2006; vgl TKK 1982-1989:187, 579-580). Volgens die siening is die NHKA 'n Kerk wat sy roeping erken teenoor die hele wêreld soos opgelê deur die Hoof en Heer van die kerk Jesus Christus maar wat spesifiek sy roeping wil vervul teenoor die eie volksgenote (Botha 1973:45, 54). Botha (1973:55) sê dat die NHKA as volkskerk graag getrou wil wees aan hierdie roeping deur elke lid van die volk te lei om lede van Christus te word. Die NHKA het 'n teokratiese-apostolêre visie op sy/haar volkskerkwees (Botha 1973:58). Volgens Botha (1973:58) wil die NHKA 'n Gereformeerde Christusbelydende volkskerk wees wat al die momente van die volkslewe wil aanraak, dit wil deurdring vanuit die heil in Christus, en dit omset, sodat die hele lewe tot Godsryk wedergebore word. Die NHKA wou 'n duidelike onderskeid maak tussen die blank en nie-blank, en het vermenging tussen hierdie twee groepe as gevaarlik beskou. Daarom wou die NHKA onder die verskillende volksgroepe volkskerke stig (Botha 1973:60). Botha (1973:60) is van mening dat die NHKA sy/haar sendingopdrag van Matt 28:19 op hierdie manier moet uitvoer (Botha 1973:60). Sodoende kan elke eie volkskerk die taal van die volk waaronder hy/sy arbei gebruik (Botha 1973:60). Die NHKA het dus in die verlede deur middel van volkskerke ruimte probeer skep vir die verskeidenheid van kulture en volke (Botma 1996:205). Die NHKA het van sy eerste vergadering[3] op 6 Augustus 1958 saam met die ander susterkerke weggeskram van enige idee van organisatoriese eenheid wat nie die verskeidenheid binne die kerk van Christus kon verdiskonteer nie (Botha 1986:21; Botma 1996:190-191; Van Aarde 1989:464). Die NHKA het eerder 'n ander faset van

[3] Hierdie vergadering word die Tussenkerklike Kommissie (afgekort TKK) genoem.

kerkeenheid beklemtoon naamlik 'n eenheid in waarheid.[4] Dit kom veral sterk na vore in die memorandum wat B J Engelbrecht opgestel het vir die vergadering van die TKK van 15 September 1970. In hierdie memorandum beklemtoon die NHKA sy eie siening naamlik dat eenheid 'n eenheid in waarheid kan wees wat nie tot een kerkstruktuur of denominasie hoef te lei nie (Botma 1996:191; Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1989:437). Trouens die NHKA het onomwonde aangevoer dat "eenheid sonder eenheid in die Waarheid 'n valse eenheid" is (TKK 1993:1-2, in Botma 1996:191). Die NHKA het nog altyd van die standpunt uitgegaan dat die kerk een is en dat daar net een kerk van Christus kan wees (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1992:369).

Toenemend is daar kritiek teen die NHKA as 'n volkskerk (Botma 1996:204; Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2006; Oberholzer 1999:457-460; Pelser 1994:326; Van Aarde 1995:868). Alhoewel die situasie totaal en al anders was, het die teoloog Barth ook 'n geweldige probleem gehad met die Duitse Christene in Duitsland se verstaan van die Duitse Kerk as volkskerk voor die uitbreek van die tweede Wêreldoorlog (Barth 1946:121).

Daar is egter ander menings van teoloë binne die geledere van die NHKA oor hoe kerkeenheid verstaan behoort te word soos:

- **Eenheid in verskeidenheid**

Van Wyk (2000:624) is oortuig daarvan dat die NHKA opnuut moet besin oor kerkeenheid, en spesifiek in sy/haar verhouding met die MRCC. Die NHKA moet in sy nadenke oor kerkeenheid rekening daarmee hou dat dit 'n opdrag is aan die sigbare kerk (Van Wyk 2000:637). Die NHKA mag nie langer sigbare eenheid ontken nie. Al die gelowiges regdeur die geskiedenis het besef dat die kerk één moet wees en één moet bly (Van Wyk 2000:625). Hulle het egter ook die realiteit geken van verskillende kulture, menings en groeperinge binne die kerk. Hierdie verskeidenheid binne die kerk van Christus het strukturele eenheid in die wiele gery. Die kerk is gedwing om die werklikheid te besef dat die kerk aan die een kant kerkeenheid moet nastrewe te midde van 'n bonte verskeidenheid van verskillende mense met verskillende en selfs teenoorstaande idees. Hierdie veelheid en pluraliteit was al 'n werklikheid in die vroeë kerk soos dit opgeteken is in die Nuwe Testament. Deur die eeue heen was daar nog nooit kerkeenheid nie. Die kerk was nog nooit algeheel één nie (Van Wyk 2000:628). Die werklikheid van veelheid kan nie weggewens of ontken word nie.

---

[4] Eenheid in waarheid beteken 'n "eenheid in Christus, in geloof en in belydenis" (Botma 1996:202).

Op grond hiervan kan die NHKA redeneer dat hy/sy nooit één sal kan wees met die MRCC nie, en daarom alle idees van kerkeenheid tussen dié Kerke verwerp. Volgens Van Wyk (2000:628) mag die NHKA nie so 'n standpunt huldig nie. Die kerk moet die eenheid bely te midde van die veelheid binne die kerk. Die veelheid in die kerk mag egter nooit verhef of uitgesonder word tot dié kenmerk van die kerk nie. Die ware kenmerk van die kerk moet die eenheid wees (Van Wyk 2000:629). Die belydenis, dat die kerk één is, beklemtoon die feit dat die verskeidenheid nooit die eenheid kan ophef nie. Al is die eenheid dan nie in die kerk sigbaar nie, glo ons nog steeds dat die kerk één is.

As die NHKA die eenheid en nie die veelheid bely nie, moet die NHKA na maniere soek om groter eenheid tussen hom/haar en die MRCC te bewerkstellig. In hierdie proses sal die NHKA getrou wees aan haar/sy roeping as kerk van Christus. Al is kerkeenheid altyd 'n moeilike saak, en veral in die geval van die NHKA en die MRCC, moet eenheid nagejaag word (Van Wyk 2000:629).

Volgens T F J Dreyer (2006:6) en Van Wyk (2000:631) moet eenheid egter altyd die verskeidenheid akkommodeer. Eenheid moet verstaan word as eenheid in verskeidenheid. Van Wyk (2000:632) pleit dat daar in die kerk, op grond hiervan, meer begrip moet wees vir ander kerke. Ongelukkig is verskeidenheid dikwels die rede tot verdeeldheid wat daartoe lei dat hierdie veelheid die eenheid van die kerk ondermyn. Die kerk moet altyd rekening hou met die veelheid wat in sy/haar midde bestaan. Van Wyk (2000:632) meen dat die kerk se belydenis oor haar katolisiteit dit moontlik maak. Katolisiteit beteken dat die kerk een is ten spyte van ruimtelike en historiese gebrokenheid en oneindigheid. Die NHKA en die MRCC kan hulle eie identiteit behou, mits hulle eie identiteit nie die belydenis van die kerk oor die eenheid ondergrawe nie (Van Wyk 2000:634).

As ons eenheid tussen dié twee kerke op die manier benader is dié twee Kerke reeds één, omdat beide kerke één is met die liggaam van Christus. Eenheid tussen dié twee Kerke is daarom reeds 'n werklikheid (Van Wyk 2000:634). Vir die rede is kerkeenheid 'n opdrag. Kerkeenheid moet in die Kerk sigbaar word. Van Wyk (2000:637-645) sê dat die kerkeenheid sigbaar gestalte kry deur één te wees in geloof, belydenis, leer, teologie, belydenis en gesindheid. Kerkeenheid is nie ongenuanseerd afgestem op organisatoriese eenheid nie omdat een organisasie nie noodwendig die waarborg vir eenheid is nie (Dreyer 2006:6; Van Wyk 2000:647). Die kerk se eenheid is in die eerste plek nie geleë in 'n organisasie nie maar wel in die geloof (kyk Geyser 2006:6). Die geestelike eenheid wat tussen die twee betrokke kerke bestaan moet sigbaar gestalte kry. T F J Dreyer (2006:6) sê

dat hierdie proses slegs kan realiseer binne 'n verhouding van wedersydse respek, gelykheid en erkenning van diversiteit. Dit word gedra deur 'n eerlike poging om die eenheid van die kerk uit te leef. "Eenheid in verskeidenheid – kan dit konkreet uitgeleef word? Dit kan, as ons daarin kan slaag om met Christelike liefde en verdraagsaamheid in eie geledere verskeidenheid in eenheid te akkomodeer – dit is die eerste tree!" (Dreyer 2006:6.)

- **"Versoenende verskeidenheid"**

Van Aarde (1995:867) noem die verskeidenheid in die kerk, 'n "dinamiese versoenende verskeidenheid". Kerkeenheid berus nie in eendersheid nie, of in die oplos van die verskeidenheid nie. Die kerk is een in sy "dinamiese versoenende verskeidenheid". Botma (1996:214) gebruik egter 'n ander term naamlik "akkommoderende verskeidenheid" vir dieselfde saak.

Vir Van Aarde (1995:867-875) is die verskeidenheid in die kerk nie vir hom iets wat die kerk se heiligheid en algemeenheid belemmer nie. As die kerk die kerk se *algemeenheid* bely, veronderstel dit verskeidenheid. Die kerk se algemeenheid veronderstel verskeie gemeentes op verskeie plekke, verskeie lewenssituasies, verskeie mense in die kerk en ook verskeie kerke. Hy beklemtoon dat dit nie 'n algemeenheid ten spyte van die veelheid is nie, maar algemeenheid op grond van die veelheid. Hy sluit aan by Oscar Cullmann wanneer hy aanvoer dat *una sancta ecclesia* nie neerkom op 'n *uniformitas sancta ecclesia* nie (Van Aarde 1987:327; Van Aarde1995:867). Van Aarde (1987:327; 1995:867) sê "'Algemeenheid' vooronderstel dus 'veelheid' – veelheid van gemeentlike lokaliserings; veelheid van lewenssituasies; veelheid van mense in die kerk; veelheid van kerke." Hy stem saam met Barth dat geen verbintenis aan 'n volk, 'n staat, 'n kultuur mag veroorsaak dat die kerk die kerk se *catholica* verraai nie (Van Aarde 1995:869). Van Aarde is oortuig daarvan dat die kerk katoliek bly as die kerk in die kerk se verskeidenheid die belange van die Koninkryk van God nastreef.

As die kerk op dié manier byeenkom berus die eenheid van die kerk in God en nie in menslike eendersheid nie. Die kerk moet dus daarna streef om die belange van God se Koninkryk na te streef (Van Aarde 1987:345-347). Van Aarde (1995:872) kom tot die volgende gevolgtrekking: "[D]ie spore in die Nuwe Testament van 'n ontwikkeling van 'n eenheid-van-die-kerk begrip behoort verstaan te word as aanduidinge van die eis om enersyds kontinuïteit in die oordra van die evangelie van Jesus Christus en andersyds die onbelemmerde gemeenskap van die gelowiges."

- **Strukturele eenheid**

Manala (2000:670) ’n teoloog van die MRCC voer aan dat strukturele eenheid wel moontlik is tussen die NHKA en die MRCC. Trouens in sy artikel pleit hy daarvoor dat die tyd ryp is dat die twee Kerke struktureel een word. “The Afrikaans saying: ‘bekend maak bemind en onbekend maak onbemind’ just shows how actual the need for structural unity is for fuller expression of our *‘communio sanctorum’”* (Manala 2000:670).

## 6. IS STRUKTURELE EENHEID MOONTLIK TUSSEN DIE MRCC EN NHKA?

Die antwoord op hierdie vraag sal afhang van verskillende faktore. Eerstens sal daar deur albei Kerke nuut gedink moet word oor *eenheid* en wat dit alles behels. Tweedens sal daar gekyk moet word na geskikte modelle waarvolgens kerklike eenheid moontlik kan wees. Derdens sal die spesifieke model albei kerke se besonderse aard en strukture in ag moet neem. Vierdens sal albei kerke die konsekwensies van eenheid binne die Bybelse konteks te midde van die kulturele verskille moet verreken.

Eenheid impliseer in die postmoderne sin nie noodwendig eendersheid nie. Dit kan ook pluraliteit, diversiteit, dialoog, diskontuïniteit en inter-kontekstualiteit insluit. Postmoderniteit is ingestel op die behoeftes van die ander, die een wat van jou verskil en die wat op die rand van die samelewing lewe. Dit handel hoofsaaklik oor die verantwoordelikheid vir die ander, selfs hulle wat van my verskil (vgl Bauman, in Lyon 1997:112; Levinas 1998:12-14; 2000:223; kyk Derrida 1999; Minister 2003:121-123; Gasché 1994:227-229; Plant 2003:436-450; Van Peursen 1995:46-47). Volgens postmoderniteit is mense nie langer net ’n objektiewe toeskouers in sake wat hulle raak nie, maar ’n deelnemer.

Postmoderniteit, anders as moderniteit beskou verskille van opinies nie as ’n probleem nie maar as ’n geleentheid vir gesprek (vgl Tracy 1990). In postmoderne sin van die woord is daar geen absolute waarhede in die geskiedenis, kultuur, morele waardes, tradisies of wetenskaplike diskoerse nie. Dit is ook gangbaar om te staan by standpunte mits jy dieselfde vir die ander (party) gun.

Peters (1992:31-33) sê daarom dat die taak van enige teologiese ondersoek die nadenke oor ons geloof in die Drie-Enige God moet wees. Hierdie nadenke moet kontekstueel en aanvaarbaar wees vir alle mense. Die Christelike geloof moet altyd ekumenies wees geanker in die sekerheid dat God die ganse Skepping nuut sal maak en alle mense sal insluit by hierdie nuwe skepping. God het alreeds hierdie nuwe toekoms moontlik gemaak deur die opstanding van Jesus Christus. ’n Ewige koninkryk is nou binne die bereik

van elkeen wat glo. Gelowiges moet daarom altyd in die sekerheid van hierdie toekoms lewe en hierdie geloof met almal deel. Hulle moet in die lig van die gebrokenheid van hulle wêreld reageer met hoop en hulle ondergeskik stel aan die liefde van God wat hulle opnuut nuut kan maak.

Peters (1992:334-356) kom tot die gevolgtrekking dat ekumeniese pluralisme die implikasie is van mense wat deel het aan die nuwe toekoms by God (kyk Van de Beek 1985:98-103). Ekumeniese pluralisme is die wete dat alle gelowiges ’n eenheid vorm binne die liggaam van Christus. Die verskille is maar die buitelyne van die dele wat die eenheid vorm. Dit is die erkenning dat ons as gelowiges saam met ander deel het aan God se skepping as ’n genadegawe. Ons is as gelowiges daarom deel van die *een* liggaam van Christus. Hierdie indikatief moet die Christelike kerk altyd tot konstruktiewe dialoog dwing (Peters 1992:336-338). Hierdie dialoog is nou ’n werkbare moontlikheid omdat alle grense tussen God en die mens, en die mense onderling afgebreek is deur die moontlikheid van God se nuwe toekoms. Jesus het hierdie toekoms werklik gemaak toe Hy redding aangekondig het en homself geassosieer het met die bevryding van die verworpenes, die wat op die rand van die samelewing lewe, die armes, die siekes en dié wat onderdruk word (kyk Willis 1987:149-191).

Hoedemaker et al (1995:25-27) onderskei vier modelle van eenheid naamlik:

- “organic unity” waar eenheid ’n sigbare werklikheid is en waar alle lidmate in een kerkverband gegroepeer is. In hierdie een kerkverband is daar eenheid ten opsigte van die verkondiging van die evangelie, die bediening van die sakramente, die uitlewing van barmhartigheid en die samehorigheid van leierskap van ampte;

- “reconciled diversity” waar daar een wêreldwye kerkverband is wat uit ’n klomp verskillende kerkverbande bestaan wat as wêreldwye gemeenskappe as spirituele modaliteite bly voortbestaan. Dit sal beteken dat kerke op plaaslike vlak, in een globale onderlinge selfstandigheid met mekaar saamwerk aan gesamentlike projekte sonder dat hulle met mekaar, organies in een kerkverband saamsmelt;

- “conciliar fellowship” waar verskillende kerke, plaaslik, op streekvlak en internasionaal, hulleself verbind aan die leierskap van ’n permanente konsilie of beraad;

- "koinonia" waar eenheid nie afhang van die verskille nie maar eerder fokus op die gemeenskap van verskillende gelowiges wat *een* Here aanbid.

Laasgenoemde blyk 'n goeie model te wees waarop die NHKA en die MRCC as 'n *eenheid* kan funksioneer. Dit kan 'n werkbare oplossing wees vir die kulturele, kerklike en kerkregtelike verskille tussen die MRCC en die NHKA waar die klem verskuif word vanaf die verskille na terreine vir samewerking. In hierdie model word nie tyd verspil om te filosofeer oor eenheid nie, maar word aanvaar dat die NHKA en MRCC binne die liggaam van Jesus Christus *een* is, dat hierdie *eenheid* 'n Bybelse indikatief is. Dit is egter nie net 'n Bybelse indikatief nie, maar ook 'n imperatief. Albei kerke moet besef dat die Bybelse oproep om *eenheid* 'n imperatief bly wat nie geïgnoreer kan word nie. Toenemend moet albei kerke hulle tot hierdie indikatief en imperatief ten opsigte van *eenheid* verbind en alle terreine vir samewerking ondersoek (vgl Manala 2000:670; Van Wyk 2000:650-655). Albei kerke moet hulle verbind tot ekumeniese pluraliteit waar dialoog die botoon voer. Hierdie dialoog moet altyd geskied in eerlikheid en openhartigheid, waar albei partye instem tot vier algemene reëls:

- daar sal openlik en deeglik na mekaar geluister word sonder enige patriargale oorheersing of konfessionele eksklusiwiteit;
- daar word aanvaar dat albei partye 'n eie opinie het oor die sake wat bespreek word;
- albei partye verbind hulleself tot 'n atmosfeer van gemeenskaplike respek, liefde en goeie gesindheid;
- albei partye onderneem om genoeg tyd daar te stel om die gesprek sinvol te fasiliteer en af te sluit (kyk Peters 1992:338-340).

## 7. FINALE REFLEKSIE

Die onsigbare kerk kan nie van die sigbare kerk geskei wees nie. *Eenheid* is 'n Bybelse indikatief wat verskille, andersoortigheid en diversiteit verreken. Eenheid is en bly ook 'n Bybelse imperatief waartoe alle Christelike kerke hulle moet verbind. Daar moet voortdurende ekumeniese en gemeenskaplike pluraliteit gehandhaaf word tussen alle Christelike kerke, in hierdie geval spesifiek die MRCC en NHKA. Hierdie eenheid kan en mag op verskillende vlakke tot uitvoering gebring word. Dit kan struktureel geskied deur gesamentlike teologiese opleiding, studiekommissies, offisiële afvaardigings en gesprekke (vgl Van Wyk 2000:650-655). Dit kan ook op gemeentelike en ringsvlak geskied.

*Is strukturele eenheid moontlik?*

Die NHKA en MRCC is *een* in Jesus Christus en moet hierdie eenheid sigbaar in die wêreld vertoon sonder dat die bepaalde karaktertrekke van die individuele kerke verlore gaan, geassimileer of geïgnoreer word. Die NHKA wil nie in modernistiese sin van die woord in 'n verenigingsproses met die MRCC betrokke raak nie. Dit misken alle geskakeerdheid en die geskiedenis is vol voorbeelde van eenheid ten koste van verskeidenheid. Daarom wil die NHKA op 'n postmoderne wyse vra na 'n eenheid in die verskeidenheid en 'n verskeidenheid in die eenheid. Die NHKA is van oordeel dat dit inderdaad moontlik is dat elke Kerk haar individualiteit kan behou, en terselfdertyd ook onder 'n groter sambreel van 'n Reformatoriese kerk, organisatories toegemaak kan word. Die Nederlandse model van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) het geslaag om 'n "huis met baie kamers" te skep waarin verskillende kerke en gemeentes hulle kan tuis voel, sonder enige prysgawe van die eie identiteit (kyk Koffeman 2005). Trouens, dit sal goed wees as ander gereformeerde kerke ook deel van so 'n groter eenheid sou kon vorm. Dit is immers ook die uitgespelde doelstelling van die Tussen Kerklike Raad en nou ook sy Konvent van Gereformeerde Kerke. Maar die etos en eie aard van die NHKA wil steeds gekoester en bewaar word.

Die verhouding met die MRCC is vir die NHKA 'n kosbare kleinood. Die band sedert 1923 word nooit ligtelik opgeneem of onbelangrik geag nie. Alhoewel die NHKA hierdie Kerk grootliks as ook getuienis van die Kerk se sendingwerk sien, wil die NHKA haar graag as 'n volle en selfstandige kerk erken en respekteer. Die subsidie[5] aan die MRCC is en was daarom nooit anders bedoel as apostolêre uitreiking van 'n Kerk wat meer materiële seëninge ontvang het en nie anders kan ons om dit te deel nie. Diakonale ondersteuning mag daarom geensins 'n vanselfsprekende aanvaarding van "werkgewerskap" of "voorskriftelikheid" veronderstel nie. Daarom wil die NHKA die MRCC solank dit binne haar vermoë is, steeds finansieel, teologies en pastoraal bystaan. Die verhouding is simmetries van aard en die NHKA besef dat sy net so veel van die MRCC, as hulle moontlik van haar, kan en wil leer. Dit is die NHKA se oortuiging dat Afrika baie aan die Christendom te bied het, liturgies, pastoraal en ook apostolêr. Die NHKA sien ook met verwagting uit na wat sy van hierdie Kerk kan ontvang.

Elke gemeente is verantwoordelik vir die kerk se werk op grondvlak. Die kerk word nie van bo af onder toe regeer nie, ook nie van onder af boontoe nie. Kerk is daar waar die gemeenskap van gelowiges vanweë die Heilige Gees in die geskiedenis realiseer. Die wese van die kerk word dus konkreet in die geskiedenis uitgedruk. Daarom moet elke gemeente binne die "sacred canopy"

---

[5] Jaarliks betaal die NHKA 'n subsidie aan die MRCC wat haar instaat stel om haar finansiële verpligtinge na te kom.

(Berger 1967:3-51) van die kerk in haar eie situasie optree en werk. Alleen so kom die dialektiek tussen ’n kerk en haar gemeentes, tussen ’n gemeente en ’n lidmaat, tot sy reg. Die kerk kan nie die ware heil in Christus verkondig as die kerk op grondvlak verdeel is nie. Daadwerklike eenheid word verkry wanneer die kerk die eenheid in Christus verkondig en dit eksplisiet in haar dienswerk uitleef. Die basisverhouding tussen lidmate van die NHKA en die MRCC is dié van broers en susters in die geloof, van vennootskap, as ons die wêreldse term mag gebruik. In kort, eenheid is nie, dit *gebeur* (vgl Ward 2002:87-98). Daarom is eenheid ’n saam op weg wees na die een hoop waaraan naarstiglik vasgehou word. Dit laat die kerk van Christus bid, *Kurie eleison*, maar terselfdertyd ook *Maranatha*! Manala (2000:670) van die MRCC spreek inderdaad ’n profetiese woord wanneer hy sê: “If there is an opportune moment for our churches to consider joining forces against the forces of darkness, it is now, when the majority of the people of our country are trying hard to reach out to on another. There is indeed so much to unite for, in terms of our mission as the church of Christ”.

## Literatuurverwysings

Abbott, W M (red) 1966. *The documents of Vatican II*, tr by J Gallagher. London: Geoffrey Chapman.

Barth, K 1935. *The Church and the churches*. London: James Clarke.

Barth, K 1946. *Credo*: *Die Hauptprobleme der Dogmatik dar gestellt im Ansclußan das Apostolische Glaubensbekenntnis.* 16 Vorlesungen, gehalten an der Universität Utrecht im Februar und Märtz 1935. Zürich: Evangelischer Verlag A G Zollikon.

Barth, K 1953. *Die Kirchliche Dogmatik,* Vol IV(1), *Die Lehre von der Versöhnung.* Zürich: Evangelischer Verlag A G Zollikon.

Berger, P L 1967. *The sacred canopy: Elements of a sociological theory of religion.* Garden City, NY: Doubleday.

Botha, S J 1973. *Die Volkskerk*. Pretoria: HAUM.

Botha, S J 1986. Is kerkvereniging vandag of in die toekoms ’n doelwit? *HTS* 42(1), 8-27.

Botma, M A 1996. ’n Krities-realistiese ondersoek na die verskynsel pluraliteit-eenheid van die kerk. DD tesis, Universiteit van Pretoria.

Botma, M A 2000. Onaanvaarbare verskeidenheid in Galasiërs· ἐκκλησία en συναγωγή. *HTS* 56(2&3), 743-777.

Bradshaw, P F 2002. *The search for the origins of Christian worship: Sources and methods for the study of early liturgy.* 2nd ed. Oxford: Oxford University Press.

Breytenbach, C (red) 1987. *Eenheid en konflik.* Pretoria: NG kerkboekhandel Transvaal.

Derrida, J 1999. *Adieu to Emmanuel Levinas,* tr by P Brault & M Naas. Stanford, CA: Stanford University Press.

De Villiers, P 1987. Die Apostelkonvent (Handelinge 15), in Breytenbach 1987:23-47.

Dreyer, T F J 2006. *Die Hervormer* 15 Augustus 2006, bl 6.

Dreyer, WA 2006. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as volkskerk: Oorsig en herbesinning. *HTS* 62(4), 1337-1368.

Du Rand, J 1987. Johannes 17: Jesus se gebed om eenheid en solidariteit te midde van krisis en konflik, in Breytenbach 1987:105-133.

Elliott, J H 1995. The Jewish messianic movement: From faction to sect, in Esler, P F (ed), *Modelling early christianity: Social-scientific studies of the New Testament in its context.* London: Routledge.

Esler, P F 2003. *Conflict and identity in Romans: The social setting of Paul's letter.* Minneapolis, MN: Fortress.

Gasché, R 1994. *Inventions of difference: On Jacques Derrida*. Cambridge: Harvard University Press.

Geyser, P A 2006. *Die Hervormer* 15 Augustus 2006, bl 6.

Guy, L 2004. *Introducing early Christianity: A topical survey of its life, belief, and practices.* Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Hervormde Kerk in Suidelike Afrika 2004. Letter to the scribe of the Commission of the General Church Assembly of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Hoedemaker, B, Houtepen, A & Witvliet, T 1995. *Oecumene als leerproces: Inleiding in de Oecumenica,* 2de dr. Utrecht: Interuniversitair Instituut voor Missiologie en Oecumenica. (IIMO Research Publication 37.)

Jasper, R C D & Cuming, G J 1990. *Prayers of the Eucharist: Early and reformed.* 3rd ed, revised and enlarged. Collegeville, MN: The Liturgical Press.

Käsemann, E 1960. *Begründet der neutestamentliche Kanon die Einheit der Kirche? Exegetische Versuche und Besinnungen, I.* Göttingen: Vandenhoeck.

*Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*

Koffeman, L J 2005. Ekklesiologie und Kirchenrecht in einem Unionsprozess: Erfahrungen aus der Protestantischen Kirche in den Niederlanden. *Catholica,* 59(2), 108-127.

Küng, H [1968] 1992. *The church.* Wellwood: Burns & Oates.

Landman, C 1987. Kerklike eenheid en konflik in die tweede eeu na Christus, in Breytenbach 1987:150-164.

Lange, E 1972. *Die ökumenische Utopie oder: Was bewegt die ökumenische Bewegung?* Stuttgart: Kohlhammer.

Lategan, B 1987. Die krisis in Galasië, in Breytenbach 1987:6-22.

Levinas, E 1998. *Of God who comes to mind,* tr by B Bergo. Stanford: Stanford University Press.

Levinas, E 2000. *God, death, and time,* tr by B Bergo. Stanford: Stanford University Press.

Lindbeck, G A 2002. *The church in a postliberal age,* ed by J J Buckley. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Lyon, D 1997. Sliding in all directions? Social hermeneutics from suspicion to retrieval, in Lundin, R (ed), *Discipling hermeneutics: Interpretation in Christian perspective,* 99-115. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Maier, P L 1999. *Eusebius – The church history: A new translation with commentary.* Grand Rapids, MI: Kregel.

Manala, M J 2000. The relationship between the HKSA and the NHKA in the new South Africa: co-existence or merger? *HTS* 56(2&3), 660-671.

Minister, S M 2003. Is there a theological suspension of the philosophical? Kierkegaard, Levinas, and the end of philosophy. *Philosophy Today* 47(2), 115-125.

Moltmann J 1975. *The experiment hope.* London: SCM.
Moltmann, J 1992. *The church in the power of the Spirit,* 2nd ed. London: SCM.
Nederduitsch Hervormde Kerk. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1989. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
Nederduitsch Hervormde Kerk. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1992. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
Nederduitsch Hervormde Kerk. Algemene Kommissie 2004. Notule van die Algemene Kommissie 2004. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
Nederduitsch Hervormde Kerk. Omsendskrywe van die Algemene Kommissie 7 September 2006. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
Oberholzer, J P 1999. Terug op die pad, in Van Wyk, D J C (red), *20ste eeu Hervormde Teologie,* 449-461. Pretoria: SENTIK.
Oetting, W W [1964] 1970. *The Church of the catacombs: The introduction to the surging life of the early church from the apostles to AD 250, based on firsthand accounts.* 2nd printing, slightly revised. Saint Louis, MO: Concordia publishing House. (Church in History Series.)
Ott, H 1981. *Die Antwort des Glaubens.* Stuttgart:Kreuz.
Pelser, G M M 1994. Enkele opmerkings oor die wese van die kerk. *HTS* 50(1&2), 311-329.
Pelser, G M M 1995. Die kerk in die Nuwe Testament. *HTS* 51(3), 645-676.
Peters, T 1992. *God – the world's future: Systematic theology for a postmodern era.* Minneapolis, MN: Fortress.
Plant, B 2003. Doing justice to the Derrida-Levinas connection. *Philosophy & Social criticism* 29(4), 427-450.
Pretorius, N F 1980. *Die Didaché: Die onderwysing van die twaalf apostels.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers
Protestantse Kerk in Nederland 2005. *Leren leven van die verwondering: Visie op het leven en werken van de kerk in haar geheel.* Rapport voor die generale synode, September 2005. Utrecht.
Roberts, J H 1987. Die eenheid van die kerk volgens die Efese-brief, in Breytenbach 1987:75-88.
Smith, D E & Taussig, H E 1990. *Many tables: The Eucharist in the New Testament and liturgy today.* London: SCM.
Stevenson, K W 1989. *The first rites: Worship in the Early Church.* Collegeville, MN: The Liturgical Press.
Strijdom, J 1995. Diversiteit van die begin af: 'n Vergelyking van Mack en Crossan se konstruksies van die vroegste Christendomme (ca 30-70nC). *HTS* 51, 108-133.
Theissen, G 1994. Die Einheit der Kirche:Kohärenz und Differenz im Urchristentum. *ZfM* 20, 70-86.
Tracy, D 1990. Dialogue with the Other: The inter-religious dialogue. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
Tugwell, S 1989. *The Apostolic Fathers.* London: Geoffrey Chapman. (Outstanding Christian Thinkers Series.)
TKK 1982-1989. Handelinge van die Tussenkerklike Kommissie (TKK) van die drie Afrikaanse Susterkerke, Deel III. Pretoria: Kital.

Van Aarde, A G 1987. Gedagtes oor die begin van die kerk: 'n Geskiedenis van versoenende verskeidenheid. *HTS* 43(3), 325-351.
Van Aarde, A G 1989. 'n Nuwe-Testamentiese begronding van die eenheid van die kerk en die eis om kerkeenheid vandag. *HTS* 45(2), 461-475.
Van Aarde, A G 1995. Die menslikheid van en die verskeidenheid in die kerk. *HTS* 51(3), 865-875.
Van de Beek; A 1985. *Tussen traditie en vervreemding: Over kerk en christenzijn in een veranderende cultuur.* Nijkerk: GF Callenbach.
Van Peursen, C A 1995. *Na het postmodernisme: Van metafysica tot filosofisch surrealisme.* Kampen: Kok Agora.
Van Wyk, I W C 2000. Kerklike eenheid tussen die NHKA en die HKSA. *HTS* 56(2&3), 623-659.
Ward, P 2002. *Liquid church.* Peabody, MA: Hendrickson.
Weber, O 1962. *Grundlagen der Dogmatik, II.* Neukirchen.
Whitaker, E C 1960. *Documents of the baptismal liturgy.* London:SPCK.
Willis, W W (jr) 1987. *Theism, atheism and the doctrine of the Trinity: The Trinitarian Theologies of Karl Barth and Jürgen Moltmann in response to protest atheism.* Atlanta, GA: Scholars Press. (AAR 53.)
World Council of Churches. *Third World Conference on Faith and Order, held at Lund 15-25 August 1952*. Lund: WCC.
World Council of Churches. *The Uppsala Report of 1968.* Geneva: WCC.